# Verslag van die belangrike besluite van die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika gehou op die 5de Januarie 2026 – 10de Januarie 2026



## INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding ... 1
2. Belangrikste besluite om van kennis te neem:
2.1 VIDA ... 2
2.2 Hantering van kredensie ... 7
2.3 Teologiese Opleiding ... 11
2.4 Die 2020-vertaling ... 12
2.5 Verhouding met die Nederduits-Gereformeerde Kerk ... 12
2.6 Verhouding met Buitelandse Kerke ... 13

**1. Inleiding.**
Die algemene sinode van die GKSA in 2026 het plaasgevind in Potchefstroom, vanaf 5 Januarie tot 10 Januarie 2026. Die Agenda wat behandel is, is tans nog beskikbaar by: https://gksa.org.za/

Die amptelike Handelinge van Sinode 2026 sal later die jaar verskyn, en sal by die Admin Buro beskikbaar wees, en ook heel waarskynlik aanlyn beskikbaar wees saam met vorige sinode Handelinge: https://gksa.org.za/ (kyk by die 'Sinodes' afdeling). Indien enige lidmaat of kerkraad op die 'kerklike weg' (KO art 31) sake wil aanspreek wat besluit is deur die Sinode, moet hul dit doen op grond van die amptelike Handelinge.

**2. Belangrikste besluite om van kennis te neem.**
**2.1 VIDA.**
*2.1.1 Agtergrond.*
(a)[1] Die kerke worstel sedert 1988 met die vraagstuk rondom die diens van susters in ons kerke, meer spesifiek rondom die diens van ouderling en Bedienaar van die Woord.
Sinode 2009 het die volgende besluit geneem: *"Die vergadering besluit volgens die goedgekeurde aanbeveling, pt. 4.2, dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie…"*

Nieteenstaande hierdie besluit het sommige gemeentes voortgegaan om vroue in die diens van ouderling te bevestig. Die binding aan besluite van Sinodes (art. 31 KO) kom sodoende in gedrang. Die noodwendige gevolg hiervan was en is dat daar groot spanning in die kerkverband ontstaan het. Sinode 2023 het derhalwe aan studiedeputate die opdrag gegee om die kerke te lei oor wat gedoen behoort te word wanneer daar gemeentes is wat nie aan die voorgenoemde besluit hou nie.

(b)[2] Hierdie besluit het die volgende ingehou: *"As Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika buig ons nederig voor ons Here oor die kerklike spanning wat tans binne die GKSA heers terwyl ons Here ons roep om mekaar in liefde te verdra en ernstig te strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede (Efesiërs 4:1-2). Daarom wys die Sinode Deputate aan om advies vir die volgende Algemene Sinode voor te berei:*
*1. Hierdie advies handel oor die vraag hoe kerke teenoor mekaar behoort op te tree wanneer kerke nie die GKSA se kerklike besluite kragtens KO, art 31, oor onder andere vroue in die amp van ouderling en predikant, handhaaf nie.*
*2. Hierdie advies word voorberei teen die agtergrond van die Beskrywingspunte wat tydens Sinode 2023 (21.3, 21.5, 21.6) aanvaar is en lewer uiteindelik 'n antwoord op die Beskrywingspunte.*
*3. Hierdie advies word voorberei op grond van die Skrif, Belydenis en Kerkorde.*
*4. Hierdie advies word voorberei deur ook buitelandse kerke te raadpleeg.*
*Terwyl hierdie Deputate biddend en gelei deur die Gees hul advies voorberei, roep ons as kerke mekaar op om ootmoedig, lankmoedig en genadig wedersyds met mekaar te leef, terwyl ons mekaar vertrou en liefhet omdat die Gees ons één gemaak het! (Acta, 2023)."*

(c)[3] Die Deputate het verskeie voorleggings en skrywes van gemeentes asook individue vanuit die kerkverband ontvang waarvan kennis geneem is. Die Deputate het in hulle studie gefokus op vier areas naamlik: 1) Eksegese Ou en Nuwe Testament; 2) Belydenisskrifte; 3) Kerkorde en 4) Buitelandse kerke. Skrywes is aan 'n groot verskeidenheid buitelandse kerke gerig om navraag te doen hoe kerke die problematiek hanteer. Heelwat skrywes is terug ontvang.

(d)[4] Die Deputate het verskeie aanlynvergaderings gehou asook vir twee geleenthede vir een dag of langer fisiese vergaderings gehou. Soos wat die studie gevorder het, het dit geblyk dat daar twee standpunte onder die Deputate bestaan insake die advies wat gegee moet word. Die Adviseur het baie waardevolle insette gelewer en gepoog om die twee kante tot versoening te bring sodat een Rapport gelewer kan word. Die Deputate het egter tot die besef gekom dat sodanige versoening van standpunte nie moontlik is nie. Daar is besluit om 'n Minderheids- en Meerderheidsrapport aan die Sinode te lewer.

---

[1] Vgl GKSA brief aan kerke - Sinode 2026 - 8 Januarie 2026.
[2] Vgl Agenda van die 2026 algemene sinode 20.5 – RAPPORT 1 [MEERDERHEIDSRAPPORT] – DEPUTATE VIR STUDIE OOR HANTERING VAN KERKLIK BINDING EN NIE-TOEPASSING VAN SINODEBESLUITE.
[3] Vgl Agenda van die 2026 algemene sinode 20.5 – RAPPORT 1 [MEERDERHEIDSRAPPORT] – DEPUTATE VIR STUDIE OOR HANTERING VAN KERKLIK BINDING EN NIE-TOEPASSING VAN SINODEBESLUITE.
[4] Vgl Agenda van die 2026 algemene sinode 20.5 – RAPPORT 1 [MEERDERHEIDSRAPPORT] – DEPUTATE VIR STUDIE OOR HANTERING VAN KERKLIK BINDING EN NIE-TOEPASSING VAN SINODEBESLUITE.

*2.1.2 Die Sinode se besluit.*[5]

Die Sinode het, gelei deur die Gees met sy Woord, gekies vir die minderheidsrapport. Wat hou hierdie rapport in? Ek haal hier die rapport direk aan:

**2. Vertrekpunt – Skrif, Belydenis en Kerkorde**

Jesus Christus regeer sy kerk deur sy Woord en Gees. Daarvoor roep Hy ampsdraers om ordelike besluite tydens meerdere vergaderings te neem. Dit wat binne kerkverband op basis van die Skrif besluit is, is vas en bindend, en kerke het opdrag om hierdie eenheid te bewaar.

In NGB, Artikel 28 bely ons – "... almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal – as lede van een en dieselfde liggaam – aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien". Kerke wat hulle nie aan die leer van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika met betrekking tot vrou in die besondere dienste (VIDA) te onderwerp nie, verbreek die onderlinge eenheid, is ongehoorsaam aan Christus en dien nie die opbou van die kerke nie.
In NGB, Artikel 29 bely ons dat ons sorgvuldig en met groot oplettendheid uit die Woord van God behoort te onderskei watter kerk die ware kerk is. Die ware kerk word geken aan die suiwer prediking van die evangelie en die suiwer bediening van sakramente en kerklike tug. Die ware kerk word geken wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp, en Jesus Christus as die enigste Hoof erken. Wat die valse kerk betref word gestel: dit skryf aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie.

Die ware kerk sal altyd hunker na die waarheid. Ja en nee tegelyk kan nie 'n antwoord wees nie, want God sê nie ja en nee tegelyk nie (2 Kor 1:18,19). Ja en nee kan ook nie geld met betrekking tot VIDA nie.

Die kerke het op grond van die Skrif (o.a. 1 Kor 14:34,35 en 1 Tim 2:11-14) besluit dat die vrou nie in die leer- en regeeramp kan dien nie. Indien 'n tolerante of akkommoderende "ruim huis"-benadering aanvaar word waarvolgens sommige kerke wel vroue as ouderlinge en predikante kan bevestig, word die waarheid eenkant geskuif en kan elkeen doen soos wat hy dink die waarheid is aan die hand van die Skrif. Beide ja en nee sal dan aanvaarbaar wees. Dit behels dat daar van eenheid nie meer sprake is nie en dat die kerk van Christus nie meer deur sy Woord gebind is nie, want elkeen kan self daaroor besluit. Dit druis in teen die kenmerke van die ware kerk. Die taal wat hiervoor pleit kom ooreen met die kenmerke van die valse kerk (meer mag en gesag aan eie besluit, nie onderwerp nie).

**3. Kerkorde, Artikel 31**

KO, Artikel 31, waarna Sinode 2023 met name verwys, staan op die basis wat in KO, Artikel 1 verwoord is: "Om goeie orde in die kerk van Christus te onderhou, is daarin nodig...". Die geldigheid van en binding aan besluite van meerdere vergaderinge het bo alles te doen met gehoorsaamheid aan Christus, die Koning van die kerk.
Die kernsaak in KO, Artikel 31 is dat kerke op grond van God se Woord besluite kan neem. Nie alle besluite word op grond van die Skrif, Belydenis of Kerkorde geneem nie. Daar is ook besluite van administratiewe of organisatoriese aard, wat 'n ander aard en gewig het as besluite oor die vrou in die amp, wat 'n wesenlike saak is. In besluite oor wesenlike sake (ook genoem kernsake, gewigtige sake) moet die stem van Christus gehoor word. Kerklike besluite verwoord dit wat God in sy Woord sê.

Om tot 'n besluit te kom, vind daar bespreking oor 'n betrokke saak plaas, waarin die vraag na die wil van God sentraal behoort te staan. Tydens die bespreking moet alle relevante gedagtes en argumente gestel, geweeg en getoets word.

[5] Vgl Agenda van die 2026 algemene sinode 20.6 – RAPPORT 2 – [MINDERHEIDSRAPPORT] – DEPUTATE VIR STUDIE OOR HANTERING VAN KERKLIK BINDING EN NIE-TOEPASSING VAN SINODEBESLUITE.

Na die bespreking word daar deur middel van stemming 'n besluit geneem. Die ideaal is dat daar eenstemmigheid oor wesenlike sake moet wees. In ons gebroke werklikheid is eenstemmigheid nie altyd moontlik nie. Daarom reël Artikel 31 dat 'n besluit met meerderheid van stemme geneem word.
Die besluit wat geneem word, word as vas en bindend beskou. Die bindingskrag van die besluit lê in die Woord van God. Omdat besluite op grond van die Skrif geneem word, is hulle geldig, vas en bindend.
KO, Artikel 31 hou rekening met die feilbaarheid van kerklike vergaderinge (vgl. NGB, Artikel 7). Daarom volg daar 'n "tensy". Besluite sal vir vas en bindend gehou word, "tensy bewys word dat dit in stryd met God se Woord of die artikels van die Kerkorde is".

Indien daar geoordeel word dat 'n besluit van 'n kerklike vergadering in stryd is met God se Woord of die Kerkorde, moet dit bewys word. Daardie bewys word deur middel van 'n Gravamen of 'n Appèl gelewer.

Die gelewerde bewys by wyse van Gravamen of 'n Appèl moet deeglik getoets word, sodat daar in die lig van God se Woord uitspraak oor gegee kan word. In alles moet die kerke soek na die wil van die Here. Indien 'n Gravamen of Appèl getoets word en afgewys word, behoort diegene wat dit laat dien het, hulle ooreenkomstig die reël van Artikel 31 aan die uitspraak te bind.

**4. Die aard van die VIDA-saak**

4.1 Die GKSA het oor baie jare met vraagstukke insake VIDA gehandel.

4.2 Na deeglike Skrifstudie is daar besluit dat die vrou nie in die besondere dienste van predikant en ouderling mag dien nie (Sinode 2009:667).

4.3 Daar is ook besluit dat die VIDA-saak 'n wesenlike saak is wat 'n ernstige verdelingspotensiaal in die kerke het (kyk Sinode 2015:320; geslaagde Beswaarskrif GK Potchefstroom Die Bult, Acta 2016:35, pt 2.3.1 en Acta 2018:158, pt 3.3; nie-geslaagde Beskrywingspunt van GK Potchefstroom-Oos oor die vrou in die besondere dienste as 'n nie-wesenlike saak, Acta 2018:685-693). Die Beskrywingspunt van Streeksinode Pretoria wys daarop dat die verdelingspontensiaal intussen 'n werklikheid is wat verlammend op die kerklike lewe inwerk.

4.4 Alhoewel daar oor heelwat sake in die GKSA verskil van opinie bestaan (onder meer die wyse van nagmaalviering en die kerklied), is daar oor geen saak soveel onenigheid soos oor VIDA nie. Dit blyk uit die talle kere wat VIDA op een of ander manier deur Sinodes behandel is. Die onenigheid kom verder daarin na vore dat die kredensie van kerke na meerdere vergaderinge en die gesamentlike opstaan by die Openlike Verklaring bevraagteken word.

4.5 Heelwat kerke in die buiteland, met wie die GKSA korrespondensie het, oordeel dat die VIDA-saak wesenlik van aard is (kyk Notule ICRC 2017:29-34).

4.6 Die wesenlike aard van die VIDA-saak, tesame met die saak van homoseksualisme, het onlangs daartoe gelei dat die CGK in Nederland 'n dooiepunt in hulle Algemene Sinode bereik het. Die CGK moet nou besin hoe hulle as kerke in ontbindende kerkverband verder moet handel.

**5. Feitlike situasie in die GKSA**

Algemene Sinode 2009 het 'n geldige, vas en bindende besluit oor die vrou in die amp van predikant en ouderling geneem. Ter wille van die eer van die Here asook die orde en vrede in die kerkverband is dit noodsaaklik dat kerke hulle aan die besluit hou. Tog is daar kerke wat hulle nie aan die besluit hou nie.

Ván daardie kerke het die ordelike weg gevolg en Beswaarskrifte ingedien. Verskeie Sinodes het Beswaarskrifte teen die 2009-besluit behandel en telkens weer bevestig dat die vrou nie in die leer- en regeeramp kan dien nie. Daar is selfs 'n Buitengewone Algemene Sinode in 2016 gehou wat primêr oor VIDA gehandel het. Buitengewone Algemene Sinode 2016 het alle besware teen die 2009-besluit op eksegetiese, openbaringshistoriese, sowel as kerkregtelike gronde afgewys. Sinode 2018 verdere Beswaarskrifte afgewys (Acta 2018:599-684).
Desnieteenstaande hou sekere kerke aan om die geldige besluite van 2009 nie vir vas en bind te hou nie en gaan hulle voort om vroue as ouderlinge te bevestig.

**6. Sinode 2023**

Hierdie feitlike situasie het daartoe gelei dat twee Beskrywingspunte en een Adviesvraag by Sinode 2023 gedien het. Al drie dokumente stel een gemeenskaplike vraag op die voorgrond: wat moet gedoen word met kerke wat hulle nie hou aan die Sinodebesluite oor VIDA nie?

6.1 Beskrywingspunt Streeksinode Pretoria

"Die Algemene Sinode wys Deputate aan om op grond van die Skrif, Belydenis en Kerkorde vas te stel wat gedoen moet word met kerke wat hulle nie hou aan die vas en bindende besluite wat verskeie Algemene Sinodes oor die vrou in die amp geneem het nie, deur voort te gaan om vroue as ouderlinge te bevestig. Die Deputate lê hulle bevindinge en aanbevelings aan die volgende Algemene Sinode voor."

As motivering vir die versoek stel Streeksinode Pretoria: "Verskeie kerke in die kerkverband gaan in stryd met Sinodebesluite voort om vroue as ouderlinge te bevestig. Dié optrede lei onder meer tot:
6.1.1 die indien van Beswaarskrifte en Appèlle op verskeie kerklike vergaderings;
6.1.2 verlamming in die kerklike lewe, aangesien baie tyd en energie bestee moet word om die Beswaarskrifte en Appèlle ordelik te behandel en af te handel;
6.1.3 spanning tussen kerke en kerklike vergaderings in die kerkverband, asook ampsdraers en lidmate onder mekaar;
6.1.4 die ondergrawing/ondermyning van die integriteit van Sinodebesluite in die algemeen;
6.1.5 aftakeling van onderlinge vertroue.

6.2 Adviesvraag Streeksinode Noordwes

Streeksinode Noordwes het 'n adviesvraag van Klassis Potchefstroom ter tafel geneem. In die lig van die aktualiteit daarvan is die vraag na Algemene Sinode 2023 verwys: "Watter opsies is binne die gesag van die Klassis beskikbaar in die hantering van 'n gemeente/s wat nie by die besluit van die Sinode oor vroue in die ouderlingamp hou nie?"
Verskeie opsies is saam met die Aadviesvraag aan Sinode 2023 voorgelê. Kort saamgevat stel die opsies die volgende:
6.2.1 Akkommodeer. "Op grond van die Skrifgetuienis en die staande Sinodebesluit(e) in die GKSA regverdig die nie-nakoming van Sinode 2009 se besluit oor die vrou in die amp nie 'n opsegging van kerkverband nie. Die kerke moet mekaar in hierdie onverkwiklike situasie op grond van die gemeenskaplike belydenis bly vashou" (J Smit).
6.2.2 Nadere verklaring en verdere moontlike stappe. "Dit kan raadsaam wees dat 'n Klassis 'n nadere verklaring van 'n gemeente vra oor spesifiek hul Skrifbeskouing, beskouing oor die dienste wat Christus verorden het ens. Indien Kerkrade reeds besluite geneem het om in weerwil van besluite van die Algemene Sinode die teendeel te doen, behoort klassisse by Kerkrade vas te stel watter stappe die kerke beoog om die sake reg te stel" (RM van der Merwe).
6.2.3 Toleransie en voortgaande gesprek. "Die weg van toleransie en voortgaande gesprek volgens die KO, art 41 en 44 (en die liefdebeginsel van Matt 18) moet ernstig oorweeg word. Rigiditeit moet vermy word omdat ons bewus moet wees van die feilbaarheid van kerklike standpunte en besluite" (A le R du Plooy).
6.2.4 Verband verbreek. "Dit kan gebeur dat 'n Klassis by wyse van gesprek met 'n kerk(raad) langs die weg van KO, art 41 en 44 tot die oortuiging kan kom dat 'n plaaslike kerk nie meer optree en besluit ooreenkomstig die faktore wat ten grondslag aan die eenheid in kerkverband lê nie, en dat daar wesenlike verskille oor die capita doctrinae bestaan. In so 'n buitengewone situasie sou 'n Klassis kon oordeel (verkieslik saam met die Deputate van die Streeksinode) dat die kerke in die Klassis nie meer kerklike eenheid met sodanige plaaslike kerk kan handhaaf nie. Hiermee word nie tug uitgeoefen nie, maar die bevinding gemaak dat 'n bepaalde kerk homself buite die eenheid plaas deurdat daardie kerk doelbewus die konstituerende faktore van eenheid in leer, diens en tug verwerp het" (A le R du Plooy).
6.2.5 Roep tot inkeer. "Die Klassis roep die kerk wat hom nie aan die Sinodebesluite insake die vrou in die amp hou nie, tot gehoorsaamheid aan Christus op. Indien daardie kerk voortgaan om nie by die Sinodebesluite te hou nie, word met droefheid gekonstateer dat daardie kerk ongehoorsaam aan Christus is. Die noodwendige gevolg daarvan is 'n verbreking van dié kerk se bande met die GKSA as een kerklike gemeenskap. Hierdie konstatering moet aan die ander kerke in die kerkverband bekend gemaak word" (GJ Meijer).

6.3 Beskrywingspunt Klassis Wesrand
Klassis Wesrand het op hul vergadering van 13 Maart 2021 besluit "dat GK Krugersdorp homself buite kerkverband plaas deur teen die Sinodebesluit voort te gaan om vrouens in die amp van ouderling te bevestig. Dit is met leedwese dat Klassis Wesrand kennis gee dat GK Krugersdorp nie langer deel is van die kerkverband nie, a.g.v. hulle besluit. Daar word vir voorbidding vir alle betrokkenes gevra, en spesifiek vir GK Krugersdorp om hulle besluit te heroorweeg."

Klassis Wesrand versoek die Algemene Sinode om dieselfde besluit te neem en te handhaaf oor enige kerke in ons kerkverband wat nie ons kerklike besluite oor vroue in die amp van ouderling en predikant handhaaf nie, en dus met die daad hulself buite ons kerkverband geplaas het en nie meer saam ons kan vergader in enige kerklike vergaderings van ons kerkverband nie.

Klassis Wesrand stel die volgende as motivering:
6.3.1 Ons Algemene Sinodes het volgens die Skrif, Belydenis en Kerkorde, besluit en dit gehandhaaf dat susters predikant en ouderling mag verkies word nie. Verskeie Beswaarskrifte is daarteen ingebring maar op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde afgewys (kyk Algemene Sinodes en Handelinge van 1988, 2009, 2015, 2016, 2018).
6.3.2 Die kerkverband het ook saam besluit by die Algemene Sinode van 2015, dat die saak 'n wesentlike saak is wat ons gemeentes saam moet onderhou. Verskeie besware daarteen is ook afgewys by die Buitengewone Algemene Sinode van 2016 en Algemene Sinode van 2018. Klassis Wesrand kom tot die volgende konklusie:
6.3.3 Alle gemeentes wat susters as ouderlinge en/of predikante bevestig stel hulself in wese buite die kerkverband en mag nie meer saam vergader en regeer in enige van ons kerklike vergaderings nie (KO, art 29).
6.3.4 Alle gemeentes wat saam in Klassis en Streeksinodes vergader word opgeroep om hul besluite en optredes in lyn te hou met wat ons saam ooreengekom het, en dat daardie gemeentes wat afgewyk het terug sal reformeer na die Skrif volgens wat ons saam besluit het oor hierdie wesentlike kerkregering saak, sodat hul weer saam ons kan regeer en vergader tot eer van God en die heil van ons gemeentes.

**7. Handhawing en toepassing van KO, Artikel 31**
Die kerke het 'n geldige besluit oor die vrou in die leer- en regeeramp geneem. Die besluit handel oor 'n wesenlike saak. Ooreenkomstig KO, Artikel 31, waaraan alle ampsdraers hulle kragtens die Ondertekeningsformulier vir ampsdraers en alle kerke hulle kragtens hulle kredensiebriewe en die openlike verklaring by meerdere vergaderinge verbind, staan dit kerke nie vry om die besluit te ignoreer nie. Kerke wat voortgaan om vroue in die amp van ouderling te bevestig, is ongehoorsaam aan Christus en tree ontrou en liefdeloos teenoor die ander kerke in die kerkverband op. Dit skep spanning en onenigheid in die kerkverband en versteur die vrede wat daar in Christus moet wees. Daardie kerke moet in liefde tot orde geroep word.

7.1 URCNA en KO, Artikel 31
Die United Reformed Churches in North America, met wie die GKSA korrespondensie het, het 'n beduidende toevoeging tot KO, Artikel 31 (Artikel 29 in hulle Kerkorde) gemaak:

If any assembly complains of having been wronged by the decision of another assembly, it shall have the right to appeal to the broader assemblies. All decisions of a broader assembly are to be received with respect and submission, and shall be considered settled and binding, unless it is proved that they are in conflict with the Word of God or the Church Order. Consistories who are convinced that they cannot comply with a decision of a broader assembly because it does not agree with the Word of God cannot be compelled to do so, provided that they state to the classis the points at which the decision of the assembly disagrees with the Word of God. If a Consistory refuses to comply with the final decision of the synod and a subsequent synod rules by majority vote that submission in the matter is essential for the unity of the churches, the congregation is no longer eligible for membership in the federation.

7.2 CRCNA en KO, Artikel 31
Die Christian Reformed Church in North America het die volgende besluit geneem insake kerke wat nie bly by die wesenlike sinodebesluit oor LGBTQ nie (Acts Synod CRCNA 2024:750vv):

Synod must forcefully and definitively respond to this schismatic insubordination; otherwise it will not matter how strong our confessional subscription is or how much we tighten our gravamen process. The message will have been sent that individual CRC's can believe, act upon, teach, and preach anything they like, no matter how much it conflicts with Scripture as long as they put an asterisk behind their name. Paul writes, "Warn a divisive person once, and then warn them a second time. After that, have nothing to do with them" (Titus 3:10). The time has come for synod to recognize that these churches, by their ongoing divisive words and actions, have disaffiliated themselves from the CRCNA.

7.3 ICRC en VIDA
Die wesenlike aard van die VIDA-saak het daartoe gelei dat die ICRC, waarvan die GKSA lid is, in 2022 besluit het om die GKV (nou NGK) in Nederland se lidmaatskap te beëindig aangesien daardie kerke besluit het om vroue tot die leer- en regeeramp toe te laat (Notule ICRC 2017:35 en ICRC Press Release 2022:2).

*2.1.3 Die praktiese toepassing van die Sinode se besluit.*[6]
(a) Die nie-onderhouding van Sinodebesluite insake VIDA kom neer op self-losmaking van die kerkverband.

(b) Kerke word opgeroep om hulle te bekeer en in gehoorsaamheid aan Christus sinodebesluite te handhaaf. Die Sinode roep kerke, wat hulle nie aan die Sinodebesluite insake VIDA hou nie, op om die eenheid in die kerkverband te soek en te beleef.

(c) Aan die betrokke kerke word 'n jaar tyd gegee om hulle besluit om vroue in die ouderlingamp te bevestig terug te trek en met die daad reg te stel deur vroue wat wel in die amp bevestig is, losmaking te gee. Klassisse het die verantwoordelikheid om hierdie betrokke kerke pastoraal by te staan.

(d) Indien 'n kerk na daardie tyd voortgaan om nie by die Sinodebesluite te hou nie, word met droefheid deur die klassis aan die gemeentes in die GKSA gekonstateer dat daardie kerk ongehoorsaam aan Christus is en haarself van die GKSA as een kerklike gemeenskap losgemaak het.

(e) Indien 'n Klassis in gebreke bly om dit te doen, sal die betrokke Streeksinode die feit konstateer. Indien die betrokke Streeksinode in gebreke bly om dit te doen, sal 'n volgende Algemene Sinode dit doen.

(f) Indien klassisse of Streeksinodes advies benodig rakende die hantering van praktiese gevolge (byvoorbeeld eiendomme, versorging en finansies), staan dit hulle vry om Deputate wat aangewys kan word, te kontak.

### 2.2 Hantering van kredensie
*2.2.1 Agtergrond*
As agtergrond word hier direk aangehaal uit agenda punt 28.3 – BESKRYWINGSPUNT – STREEKSINODE PRETORIA – HANTERING VAN KREDENSIE TYDENS MEERDERE VERGADERINGS.

**1. Advies**
1.1 Die oorsprong van ons eenheid is Christus en vanuit Hom vloei ware eenheid in ons verstaan en toepassing van Skrif, Belydenis en Kerkorde (Studieverslag 1.1–1.13).[7]

1.2 Alle kerke word opgeroep om vrywillig in eenheid en broederliefde saam in kerkverband (en nie as kerkverband nie) byeen te kom (Studieverslag 2.1–2.4.).

1.3 Ons word deur Christus alleen saamgebind (Studieverslag 1.12–1.13).

---
6 Vgl GKSA brief aan kerke - Sinode 2026 - 8 Januarie 2026.
7 Die studie verslag (STREEKSINODE PRETORIA – STUDIEDEPUTATE KREDENSIE SUB-KOMMISSIE STUDIEVERSLAG – KREDENSIE EN DIE HANTERING DAARVAN TYDENS KONSTITUERING VAN MEERDERE VERGADERINGS) word as aanhangsel saam met hierdie terugvoer aabgestuur.

1.4 Omrede dit Christus is wat ons saambind, is ons kerke ook altyd belydende kerke wat deurlopend vanuit die Skrif, belydenis en kerkorde oor alle kerklike sake moet aanhou bely (Studieverslag 1.1–1.13).

1.5 Ons bely eenheid oor hoe ons die Skrif, Belydenis en Kerkorde vertolk. Daarsonder is kerkverband nie moontlik nie.

1.6 Kerkverband word deur eenheid in en deelname aan die meerdere vergaderings van die kerke onderhou. Alhoewel kerkverband permanent beleef word, moet ons die verbandhouding tussen ons deurlopend en by konstituering van elke meerdere vergadering herbevestig (Studieverslag 3.1–3.3).

1.7 Waar 'n kerk hulle eenheid met die kerkverband deur feitelike handelinge of besluite verbreek (de facto), is dit die kerk wat self buite kerkverband tree. Die de facto situasie word bloot de jure aan gevolg gegee by 'n meerdere vergadering (Studieverslag 3.3–3.4).

1.8 Feitelike situasies wat lei tot die verbreking van kerkverband kan deur regstellende handelinge en bewys ter ondersteuning van werklike kerklike eenheid (de facto bewys van regstelling) reggestel word. De facto bewys rondom die herstel van eenheid moet by dieselfde vergadering wat oor die gebrek in eenheid beswaar gemaak het, voorgelê word. Waar eenheid herstel word, volg die de jure bevestiging van hereniging met die kerkverband (en ook al die voorregte van in kerkverband staan) weer natuurlik (Studieverslag 3.3–3.5).

1.9 Sonder eenheid in die Skrif, Belydenis en Kerkorde, kan die kerke nie wettig saam regeer, kerklike sake in behandeling neem en afhandel, en mekaar tot daardie besluite bind nie. **Daarvoor is kredensie en geloofwaardige konstituering nodig** (Studieverslag 3.4–3.7).

1.10 Die kerklike weg van konstituering begin reeds voor die opening van meerdere vergadering deur middel van die proses van behoorlike afvaardiging en kredensie wat vooraf moet plaasvind (KO, Art 33). Ter ondersteuning van afvaardiging word 'n kredensiebrief – 'n skriftelike en openbare getuienis – vanaf elke kerk wat toegang soek tot 'n meerdere vergadering vereis (KO, Art 33) (Studieverslag 3.6–3.7).
1.11 **Die doel van kredensie is**:
1.11.1 Ten eerste, om vas te stel of die kerke wat saamkom in eenheid met mekaar staan, sodat geloofwaardige kerke wettiglik kragtens ons gemeen akkoord (KO, Art 86) as vergadering kan konstitueer (KO, Art 33) en saam vanuit die Woord, Belydenis en Kerkorde kerklike sake te behandel en op 'n bindende wyse af te handel (KO, Art 30 en 31).
1.11.2 Ten tweede, sodat daar met sekerheid vasgestel kan word of die persone wat afgevaardig is, wel wettiglik deur geloofwaardige kerke gestuur word (Studieverslag 3.6–3.7).

1.12 **Afgevaardigdes meld hulle nie self by meerdere vergaderings aan nie en word ook nie lede van 'n vergadering in eie reg nie** (Studieverslag 4.1–4.2).

1.13 **Die feit dat 'n afgevaardigde op las van die vergadering wat finale afvaardiging keur (byvoorbeeld die Klassis) gestuur word, beteken nie dat 1) die vergadering wat afvaardig die afgevaardigde alleen en sonder die geïmpliseerde verlof van die Kerkraad waaraan hy behoort stuur nie, 2) enige gebreke in die kredensie van die afgevaardigde by wyse van hul sekondêre besluit kan regstel nie en 3) by wyse van die afvaardigings-handeling alleen meer gesag aan die afgevaardigdes verleen as wat daardie afgevaardigde sou ontvang indien die kerke sonder afgetrapte afvaardiging kredensie by die meerdere vergadering ingedien het nie** (Studieverslag 4.2–4.3).

1.14 Die afgetrapte afvaardiging na Sinodes maak nie die kerke los van die kerkreg onderliggend aan aftrapping nie. **Kragtens ons kerkreg is dit altyd kerke wat as kerke by meerdere vergaderings vergader en saam regeer** (Studieverslag 4.4–4.6).

1.15 <u>Al manier waarop die primêre posisie en vryheid van die kerke (KO, art 30 en 84) in balans met die bindende gesag van meerdere vergaderings (KO, art 31, 36, 46 en 86) gebring kan word, is deur die oorweging en ontvangs van geldige en geloof-waardige kredensie vanaf sturende kerke op elke vlak van die presbiteriale kerkregering</u> (Studieverslag 4.7–4.8).

1.16 Die kerkreg impliseer beide versending en ontvangs van kredensiebriewe. Kragtens ons kerkregering behou die vergadering wat afvaardig (stuur) die bevoegdheid om te besluit wie en hoe hulle by wyse van aftrapping sal afvaardig, <u>terwyl die vergadering wat ontvang die bevoegdheid behou om die kredensies wat ingedien is aan die hand van die Skrif, Belydenis en Kerkorde in behandeling te neem en af te handel</u> (Studieverslag 4.7–4.8).

1.17 **Kerkrade wat na meerdere vergaderings afvaardig, hetsy direk (Klassis) of by wyse van die afgetrapte afvaardiging (Sinodes) moet hulself daartoe verbind om alle besluite van die meerdere vergadering wat nie in stryd met die Skrif, Belydenis en Kerkorde is nie, as bindend te beskou en dit getrou te help uitvoer en nalewe.**
(Studieverslag 5.1–5.3).

1.18 **Gebrek aan eenheid en binding rondom die Skrif, Belydenis en Kerkorde van die kerke, is 'n gebrek in die geloofwaardigheid van die kredensiebrief van die kerk wat afvaardig**. **Die kredensiebrief is ongeloofwaardig as gevolg van die feit dat die kerk wat stuur uitdruklik of by wyse van haar handelinge, die inhoud van hul eie verklaring verwerp** (selfs onbehoorlik aflê). Die kredensiebrief kan nie aan die een kant verklaar dat die kerk wat stuur in eenheid met die kerke sal staan en gesamentlike besluite as vas en bindend sal aanvaar, terwyl die kerke in praktyk in weerwil van gesamentlike besluite handel nie (Studieverslag 5.4–5.6).

1.19 <u>Sonder geloofwaardige afgevaardigdes vanaf kerke wat in eenheid en in kerkverband met mekaar staan, kan die vergadering nie geloofwaardig konstitueer nie (kredensie)</u>. **Sonder afgevaardigdes wat persoonlik ook vanuit die Skrif, Belydenis en Kerkorde met die vergadering een is (die Openlike Verklaring), kan 'n keurstem wat bind nie deur daardie persoon uitgeoefen word nie**. Sonder eenheid in beide hierdie openbare bevestigings kan die kerke nie met bindende krag vanuit Skrif, Belydenis en Kerkorde saam deur meerdere vergaderings regeer en geldige besluite wat bind neem nie. Iemand (kerke of afgevaardigdes) wat nie in eenheid saam kan bely en bind nie, kan nie saam met die kerke in kerkverband besluite neem nie (Studieverslag 5.7–5.11).

1.20 <u>Geen geldige vergadering, en dus geen geldige verkiesing van 'n Moderamen, kan gevolglik sonder 'n aanvaarbare presensie van geloofwaardige kerke plaasvind nie</u>. **Vir die vergadering om behoorlik te konstitueer, moet alle sake rondom kredensie eers afgehandel word** (Studieverslag 6.1–7.3).

1.21 <u>Alhoewel konstituering nog nie afgehandel is nie, is die vergadering reeds met die opening daarvan deur die Voorsitter van die Roepende Kerkraad in proses van konstituering</u>. Hierdie proses moet ordelik en tot opbou van die kerke plaasvind (Studieverslag 7.2–7.13).

1.22 **Indien die kerke nie berusting kry by die advies van die Roepende Kerkraad oor die hantering van kredensie nie, moet die Roepende Kerkraad 'n spesiale tydelike Voorsitter laat kies sodat die vergadering eers oor die kredensiebriewe kan oordeel**. Onder 'n tydelike Voorsitter kan die vergadering wettiglik met al die kerke konstitueer ten einde saam enige sake rondom kredensie te behandel en af te handel. So kan die kerke ook daarna geloofwaardig en in eenheid verder konstitueer deur 'n Moderamen te verkies (Studieverslag 7.8–7.9).

1.23 Die weiering van kredensie kom nie neer op hiërargievorming of oorheersing nie (Studieverslag 8.1–8.11).

1.24 Die amp, diens en bevoegdhede van ‘n kerk se ampsdraers word nie by implikasie deur die weiering van kredensie in gedrang gestel nie (Studieverslag 8.10–8.11).

1.25 **Geen kerk het egter ‘n absolute reg tot deelname aan meerdere vergaderings nie**. Geen onreg volg waar die besluit om kredensie of ‘n keurstem te weier, aan die hand van die Skrif, Belydenis en Kerkorde geneem word nie (Studieverslag 8.1–8.11).

1.26 **Die vryheid van die kerke word nie deur die weiering van kredensie in gedrang gestel nie** (Studieverslag 8.1–9.4).

1.27 Waar die geheel van ‘n kerk na vermaning weier om in eenheid met die leer van die Gereformeerde kerke te handel, kan die meerdere vergaderings as ter ware slegs kennis neem van die de facto situasie wat tussen die kerk en die kerkverband ontstaan het. Die weiering van kredensie gee slegs de jure erkenning aan die de facto situasie wat ontstaan het (Studieverslag 10.1–10.2).

1.28 **Die kollegialisme seëvier waar ‘n kerkverband bloot aanhou om de jure bevoegdhede (sittingsreg en keurstem) aan kerke wat de facto buite verband staan, te gee** (Studieverslag 10.2–10.3).

1.29 Besware teen kredensie moet:
1.29.1 Skriftelik wees.
1.29.2 Deur die kerke saam behandel en afgehandel word.
1.29.3 Waar wees.
1.29.4 Vir afgevaardigdes wat daardeur geraak word geleentheid gee om daarop te reageer en ‘n verduideliking by die vergadering te gee.
1.29.5 Vanuit die Skrif, Belydenis en Kerkorde geoordeel word.
1.29.6 Die kerke wat geraak word vermaan om weer in eenheid met die kerkverband te tree en dat hulle, sodra hulle weer in eenheid met die kerkverband kan vergader, weer as geloofwaardig ontvang sal word (Studieverslag 10.4).

1.30 Uitsluiting vanuit die kerkverband (nie afsetting nie) is die enigste weg tot die beskikking van die meerdere vergadering waar kerke ongewillig is om in eenheid met die kerkverband **oor wesenlike sake** te handel (Studieverslag 11.1–11.8).

1.31 Die kerklike weg kragtens KO, Art 79 en 80 is nie gepas of moontlik in gevalle waar die geheel van die kerk weier om in eenheid met die besluite van die kerkverband te bind nie. Kerklike tug en afsetting langs die weg van KO, Art 79 en 80 sonder die versoek van die gemeente, maak inbreuk op die vryheid en onafhanklikheid van die kerke (Studieverslag 11.1–11.8).

1.32 **Kerke en afgevaardigdes wat weier om met die besluite van die kerkverband oor die vrou in die amp (VIDA) te konformeer kan kragtens die kerkreg nie sittingsreg (kredensie) of ‘n keurstem (die Openlike Verklaring) by meerdere vergaderings kry nie**. **Binne die raamwerk van die kerkreg het die kerke hulself buite kerkverband geplaas deur met die eenheid van die kerke te breek en kan hulle nie meer geloofwaardige kredensiebriewe binne die kerkverband lewer nie** (Studieverslag 12.1–12.8).

1.33 Die saak oor die vrou in die amp (VIDA) is ‘n wesenlike saak wat afbreuk maak aan die eenheid en belydende aard van ons kerkverband indien dit langdurig getolereer word (Studieverslag 13.1–13.10).

1.34 Alle kerke wat rondom die saak van vrou in die amp (VIDA) hulself buite kerkverband geplaas het, word vermaan om die eenheid met die kerkverband te herstel en om weer met geloofwaardige kredensies na die kerkverband se meerdere vergaderings af te vaardig (Studieverslag 12.6–12.8).

*2.2.2 Die sinode se besluit hieroor.*[8]
(a) Algemene Sinode 2026 besluit dat aan die Beskrywingspunt van Streek Sinode Pretoria gevolg gee word deur die Studieverslag van Streek Sinode Pretoria te aanvaar as die GKSA se advies rakende Hantering van Kredensie tydens Meerdere Vergaderings.

(b) Algemene Sinode 2026 aan gee aan Deputate CJBF opdrag om die Beskrywingspunt as opsomming tesame met die Studieverslag, in oorleg met die Streek Sinode Pretoria te verwerk en uit te gee as 'n handleiding (interim) en later as 'n bylaag by die volgende uitgawe van die Kerkordeboekie by te werk.

**2.3 Teologiese Opleiding.**
*2.3.1 Agtergrond*[9]
TSP, NWU se paaie skei oor drie jaar. Die GKSA het op Sinode 2018 verskeie opdragte aan die Kuratore insake teologiese opleiding gegee, onder meer om voort te gaan met onderhandelinge met die NWU oor die opleiding van studente van die GKSA in die teologie. Hierdie opdrag het gevolg nadat verskeie regulatoriese en wetswysigings meegebring het dat die NWU 'n nuwe ooreenkoms daar wou stel.

Die kuratore het verskeie konsepte aan die NWU voorgehou, maar daar kon nie tot 'n vergelyk gekom word nie. Die nuwe ooreenkoms waarop die NWU wou skik sou o.m. inhou dat die inhoud van die leerplan vir teologiese opleiding geheel in die hande van die NWU sal val. Voorts sal die teologiese professore se tyd aan die NWU behoort en slegs met vergunning by die GKSA aangewend kan word. Teologiese studente sal ook nie noodwendig onderrig ontvang deur Gereformeerde professore of dosente nie aangesien die GKSA geen inspraak sou hê in die aanstelling van professore soos ooreengekom in die huidige ooreen koms nie. Hierdie voorwaardes is na die oordeel van die Sinode nie in lyn met die Skriftuurlike benadering tot teologiese opleiding wat die opleiding van die GKSA se predikante ten grondslag lê nie.

Die NWU het ook skriftelik kennis gegee dat indien die GKSA nie die nuwe ooreenkoms staande die pas afgelope sinode 2023 onderteken nie, is die NWU van voorneme om die bestaande ooreenkoms van 2006 op te sê. Die GKSA het besluit om nie die voorgestelde ooreenkoms te onderteken nie en het kennis geneem van die NWU se voorneme. Praktiese gevolge van hierdie besluit is dat die bestaande ooreenkoms met die NWU oor 3 jaar tot 'n einde sal kom en dat daar dan alternatiewe wyse van opleiding in plek moet wees. Vir hierdie doel het die GKSA besluit om 'n privaat hoër onderwys instelling op te rig en volgens wetgewing te registreer waar studente in die toekoms geakkrediteerde teologiese opleiding kan ontvang. Die naam van hierdie instelling is **Die Gereformeerde Teologiese Akademie**. Die Sinode het die vertroue uitgespreek dat soos dit sowat 150 jaar gelede was toe die Teologiese Skool te Burgersdorp gestig is, die seënende Hand van die Here ook oor hierdie werk sal wees.

*2.3.2 Die huidige stand van sake*
(a)[10] Intussen is die GTA opgerig. Die sinode bevestig dat die GTA is die aangewese opleidingsinstansie van die GKSA is onder toesig van die Kuratore.

(b)[11] Dat die Kuratore 'n ooreenkoms met MTC (Mukhanyo) sluit. Kandidaat studente het vanaf 2026 dan die keuse om by GTA of MTC in te skryf. Studente wat via MTC inskryf vir die akademiese opleiding onderliggend tot die predikantsopleiding van die TSP, sal dus die kurrikulum volg van MTC wat die Kuratore reeds goedgekeur het en wat deur die beroepe professore en ander doktore of fasiliteerders soos nodig en deur die Kuratore goedgekeur, gefasiliteer of aangebied en aangevul kan word. Gesprek word met die NWU gevoer oor die mate waartoe beroepe professore na 2026 by die opleiding betrokke mag wees.

---

8 Vgl RAPPORT: KOMMISSIE KONSTITUERING RAKENDE 28.3. BESKRYWINGSPUNT VAN STREEKSINODE PRETORIA OOR. DIE HANTERING VAN KREDENSIE TYDENS MEERDERE VERGADERINGS (AA28.3; p. 556-587)
9 Mediaverklaring GKSA teologiese opleiding na 2023 sinode.
10 Vgl 6.1 in RAPPORT KOMMISSIE 12 (A24.2; p. 206-211) A24.8; p. 212-234
11 Vgl RAPPORT: KOMMISSIE 12 – AD HOC ADVIES AAN DIE SINODE RAKENDE KOMMISSIERAPPORT K78-81 PUNT 6.2

(c)[12] Dat die Kuratore verseker dat enige ooreenkomste met opleidingsinstellings soos Mukhanyo 'n klousule bevat wat die intellektuele eiendom van die studiemateriaal en kurrikulum in die GKSA vestig en beveilig.

(d)[13] Dat die TSP, en in besonder die beroepe professore met ondersteuning van die Kuratore, voortgaan om die kandidaatstudente van die GKSA as Woordbedienaars op te lei. Kandidaatstudente wat reeds by die NWU ingeskryf is, kan hulle studies onder die 2006-ooreenkoms voltooi.

**2.4 Die 2020-vertaling.**
*2.4.1 Agtergrond.*
Daar is by 2023 sinode reeds genoem dat die inleidings by die bybelboeke in die 2020-vertaling problematies is.

*2.4.2 Besluit*
Daar word besluit om:
(a) Die Bybelgenootskap te versoek om de inleidings te verwyder.
(b) Die Bybelgenootskap te versoek om die misleidende voorstelling oor die Ou Testament wêreldbeeld agter in die 2020-vertaling te verwyder.

**2.5 Verhouding met die Nederduits-Gereformeerde Kerk.**
(a) Di PW Kurpershoek, EJ van Jaarsveld en dr PJ Venter het die 2023 Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk bygewoon met die doel om groeteboodskappe namens die GKSA oor te dra. Hoewel skriftelike groeteboodskappe ontvang is, is daar geen formele geleentheid gebied vir die mondelinge oordra van dié groete tydens die verrigtinge van die Sinode nie.

(b) Gedurende die termyn het twee bilaterale gesprekke tussen die GKSA en die NG Kerk plaasgevind op 15 Mei 2024 en 7 Mei 2025.

(c) Die gesprekke het gefokus op kerklike gebeurtenisse ná Covid, die relevansie van die Tussenkerklike Raad (TKR), teologiese opleiding, die Konvent, die parlementêre lesse-naar, die Memorandum van Samewerking en die hantering van eties-sensitiewe sake soos selfde-geslagverhoudings, Skrifbeskouing en Kerkbeskouing. Verdere gesprek is gevoer oor die rol van die Kairos-netwerk en Koinonia, asook die werksaamhede van die Algemene Sinodale Moderamen van die NG Kerk.

(d) Die GKSA het standpunte herbevestig rakende die gesag van die Skrif, die ononderhandelbare verband tussen Skrif en Belydenis, en die noodsaak vir helder teologiese rigting. Kritiek is uitgespreek teen pluralistiese tendense en die afwyking van Gereformeerde beskouings oor verbond, huwelik en sonde. Die Huidige 2003 GKSA Sinodebesluit (Morele Standaarde-Seksualiteit) is herbevestig (vlg Acta 2003:748-752)

(e) Wedersydse begeerte is uitgespreek vir voortgesette gesprek in gehoorsaamheid aan die Woord van God en binne die raamwerk van Gereformeerde eenheid.

(f) Tydens die bilaterale gesprekke het dit duidelik na vore gekom dat daar tussen die GKSA en die NG Kerk beduidende verskille bestaan ten opsigte van hermeneutiek, Godsleer, Skrifbeskouing, kerkbeskouing, die verstaan van sonde en die Gereformeerde Belydenis. Hierdie verskille stel ernstige uitdagings aan voortgesette verhoudinge en ekumeniese samewerking. Die NG Kerk beleef tans 'n diepgaande interne krisis as gevolg van gemeentes en selfs Sinodes (Namibië) wat hul bande met die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) verbreek het. Daar bestaan ook beduidende teologiese verskille binne die kerkverband self.

(g) Die Deputate beskou dit, teen die agtergrond van beide die bilaterale gesprekke en die interne spanning binne die NG Kerk, as wenslik en noodsaaklik om voort te gaan met gesprekvoering met genoemde kerkverband. Die bestaande Memorandum van Samewerking tussen die NG Kerk en die GKSA behoort herroep te word ten einde

[12] Vgl 6.6 in RAPPORT KOMMISSIE 12 (A24.2; p. 206-211) A24.8; p. 212-234
[13] Vgl 6.4 in RAPPORT KOMMISSIE 12 (A24.2; p. 206-211) A24.8; p. 212-234

ruimte te skep vir ‘n prinsipiële gesprek tussen die twee kerk-verbande oor hul huidige posisie teenoor mekaar, asook oor die wyse waarop ekumeniese verhoudinge en samewerking in die toekoms op Skrif- en belydenisgrondslag behoort voort te gaan.

(h) Dat amptelik in gesprek getree word met die NG Kerk Sinode in Namibië om weldra vas te stel of die GKSA met hierdie kerke nie in ‘n nadere verhouding kan tree om hulle profetiese getuienis teenoor hulle eie kerkverband te versterk nie.

(i) Om met die Kairos Netwerk wat tans in ‘n aparte Sinode struktuur (Koinonia) vergader in gesprek te tree.

**2.6 Verhouding met Buitelandse Kerke**
Hier is Ds Eric Van Alten (Vrye Gereformeerde Kerke in SA) se opsomming:

Vanoggend (8 Januarie 2026) is gewy aan die GKSA se ekumeniese bande met binnelandse en buitelandse kerke. Om en by 40 rapporte (dus, kontakte met om en by 40 verskillende kerkverbande) het hierby aan die orde gekom.

Net voordat ek die belangrikste besluite uitlig, is dit goed om te verstaan dat die GKSA in hulle verhouding met buitelandse kerke tussen drie verskillende vlakke van ekumenisiteit onderskei:

- Ekumeniese eenheid (die hoogste vlak, waarby daar eenheid in leer, diens en tug is - ons sal praat van 'n susterkerk-verhouding);
- Ekumeniese bande (hierdie vlak word dikwels gebruik wanneer daar 'n proses op gang is om mekaar te leer ken en tot eenheid te beweeg);
- Ekumeniese kontak (die laagste vlak, waarby daar moontlikhede is vir beperkte samewerking, in die erkenning dat daar wesenlike sake is wat die kerke uitmekaar hou).

In die lig hiervan lig ek 'n aantal belangrike sake uit:

(a) Die GKSA se verhouding met die Nederlandse Gereformeerde Kerken (die voormalige Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt) was tot op hede op die vlak van ekumeniese eenheid. Maar in die lig van die ontwikkelinge in die NGK (o.a. vrou in die amp, selfdegeslagverhoudings, 'n ander hemeneutiek) is besluit dat hierdie eenheid verbreek is, en daarom is die verhouding verander na ekumeniese kontak. Dit is in lyn met die besluite wat die VGKSA (en baie ander kerkverbande) ook geneem het. Hoewel baie hartseer om dit te konstateer, is ons dankbaar dat ons in dieselfde lyn dink met die GKSA.

(b) Die Sinode het ook besluit om ekumeniese eenheid aan te bied aan die Gereformeerde Kerken (in Nederland - die onlangse samesmelting van die GKN en die DGK), met wie die VGKSA DV vanaf Mei 2026 ook 'n susterkerkverhouding sal hê. Die VGKSA laat reeds lidmate van hierdie kerke toe om by ons nagmaal te vier, en predikante om op ons kansels voor te gaan. Uiteraard sal ds. Rob Visser, verteenwoordiger van die GK hier by die sinode, na sy kerkverband moet teruggaan om hierdie aanbod te deel.

(c) Die Sinode het die "Memorandum van Ekumeniese Verhouding" tussen die GKSA en die VGKSA, wat reeds by die Sinode van die VGKSA in September 2024 goedgekeur is, ook goedgekeur. Dit beteken dat ons mekaar as kerke van Jesus Christus erken, en dat ons voortgaan om die pad na volle eenheid te bewandel.

(d) 'n Ander belangrike besluit, is dat die Memorandum met die NG Kerk in Suid-Afrika, wat al vir omtrent 'n dekade bestaan, opgeskort is. Dit is ongetwyfeld vanweë die ontwikkelinge in die NG Kerk (ontrouheid aan Skrif en belydenis, selfdegeslagverbintenisse, ens). Hiermee is een van die struikelblokke wat die VGKSA aangedui het in ons verhouding met die NG Kerk, baie duidelik aangespreek (en uit die weg geruim). Gesprekke met behoudende groepe in die NG Kerk sal wel voortgaan, maar dan sonder die memorandum.

(e) Die GKSA het tot op hede eenheid met die Gereformeerde Kerke in Japan gehad - hierdie kerk het intussen besluit om susters tot die ampte toe te laat. Die Sinode het daarom besluit om die eenheidsbande met hierdie kerke te verbreek.

(f) Intussen onderhou die GKSA ekumeniese eenheid met verskeie kerke in Afrika, Korea, Noord- en Suid-Amerika, Australasië, Indië, en in Europa.

(g) Die jarelange ekumeniese eenheid met die Christian Reformed Churches in North America (CRCNA) het nou verander. Vanweë hulle bevestiging van susters in die ampte van predikant en ouderling, het die Sinode met hartseer besluit om hierdie verhouding te verbreek.